Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# GEOGRAFIE V2 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.

Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 D (1)

1.1.2 F (1)

1.1.3 B (1)

1.1.4 E (1)

1.1.5 B (1)

1.1.6 C (1)

1.1.7 A (1)

1.1.8 D (1) (8 x 1) (8)

1.2 1.2.1 A (1)

1.2.2 C (1)

1.2.3 C (1)

1.2.4 D (1)

1.2.5 C (1)

1.2.6 D (1)

1.2.7 A (1) (7 x 1) (7)

1.3 1.3.1 Die proses om mense te vergoed (met geld of 'n stuk grond) vir die grond wat hulle verloor het weens gedwonge verwyderinge.
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

1.3.2 R56 biljoen (1) (1)

1.3.3 Landbouplase te ontwikkel (1)
Landelike ontwikkeling (1)
Verhoogde indiensneming (1)
Rykdomskepping (1)
Ekonomiese groei (1)
**[ENIGE TWEE]** (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

1.3.4 Grondhervorming beoog om billike verdeling van grond te bewerkstellig (2)
Grondhervorming beoog om billike toegang tot grond te bewerkstelling (2)
Grondhervorming beoog om billike grond eienaarskap te bewerkstellig (2)
Grondhervorming beoog om die wanbalans van die verlede met betrekking tot grond eienaarskap reg te stel. (2)
Grondhervorming beoog om voedselsekuriteit te verhoog. (2)
Grondhervorming beoog om versoening te verhoog / stabiliteit onder landelike gemeenskappe. (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.3.5 Verskaf landbouvaardighede ontwikkeling/vaardigheid verhoog/ opleiding (2)
Verskaf tegniese ondersteuning aan boere (2)
Opvoeding oor GM-gewasse (2)
Verskaf gemoderniseerde boerderytoerusting (2)
Toegang tot plaagdoders en insekdoders (2)
Help met toegang tot befondsing / banklenings (2)
Mentors om leiding te gee (2)
Fasiliteer vennootskappe met bestaande boere (2)
Insluiting van plaaslike gemeenskappe om behoeftes te bepaal deur konsultasie (2)
Markareas vir opleiding te skep (2)
Infrastruktuurontwikkeling. (aanvaar voorbeelde) (2)
Damme/waterstelsels om te help met besproeiing (2)
Aansporings te verskaf / boere te subsidieer (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

1.4 1.4.1 Hoë (1) (1 x 1) (1)

1.4.2 Dit is naby aan die natuurlike omgewing (groengordel en landelike-stedelike randgebied) (1)
Gerieflikheid van nabygeleë buurt-inkopiesentrum (1)
Toeganklikheid tot kantoorkomplekse / ASD / werk (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

1.4.3 Beskikbaarheid van groot stukke grond (2)
Goedkoper grond (2)
Naby aan arbeidspoel (2)
Beskikbaarheid van groot arbeidspoel (2)
Toegang tot grootmaatvervoerroetes (2)
Besoedeling affekteer nie hoë-inkomste residensiële areas nie (te ver weg) (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)


Hosted by www.ecexams.co.za.

1.4.4 Verhoed onbeheerde groei in stedelike gebiede/verminder stadspreiding (2)
Beperk die verspreiding van stedelike verval / stedelike agteruitgang (vanaf die oorgangsone / vervalsone) (2)
Beperk inval en opvolging (2)
Verbeter die estetika (2)
Positiewe impak op die grondwaarde rondom dit (2)
Verminder die risiko van oorstromings (2)
Verminder die effek van geraasbesoedeling (2)
Verbeter luggehalte / filtreer ŉ mate van besoedeling uit die lug (2)
Beheer kweekhuisgasse (2)
Verlaag die temperatuur / modereer die temperatuur (2)
Verminder die effek van die stedelike hitte-eiland (2)
Beskerm die natuurlike omgewing (2)
Groen ruimtes beskikbaar vir ontspanningsdoeleindes (aanvaar voorbeelde) (2)
Stel mense in staat om toegang tot die natuur te verkry (aanvaar voorbeelde) (2)
Bevorder waterinfiltrasie / verhoog watertafel (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4.5 Met stedelike groei, kom meer voertuie uit ŉ groter gebied wat verkeersopeenhopings veroorsaak (2)
Die verhoogde verkeersvolume (gevolge van verstedeliking) veroorsaak verkeersopeenhopings (2)
Ruit straatpatroon verhoed verkeersvloei (2)
Swak pad infrastruktuur (slaggate) verhoed verkeersvloei (2)
Stakings van taxi / bus / treine kan toegang tot die SSK uitdagend maak (2)
Oudste deel van die stad beteken dat infrastruktuurontwikkeling moeilik is en kan nie altyd die verhoogde verkeersvloei akkommodeer nie (2)
Verouderde stedelike beplanning akkommodeer nie die toename in die stedelike bevolking wat toegang tot die SSK benodig nie (2)
Hoë vraag na ruimte in die SSK verhoog die verkeersvolume en veroorsaak vertragings (2)
Hoë pendelvekeer veroorsaak ongelukke (2)
Gebrek aan beplanning vir stedelike groei het aanleiding gegee tot verkeersopeenhopings (2)
Stedelike uitbreiding beteken dat mense toegang tot SSK moet verkry vanaf ŉ groter gebied wat verhoogde verkeersopeenhopings veroorsaak (2)
Besigheid / kommersiële aard van die SSK beteken dat daar spitstye vir verkeer is (werk toe gaan en terug) (2)
Gebrek aan / onbetroubare / duur openbare vervoer weerhou mense daarvan om dit te gebruik en dit verhoog die privaatvoertuie op die pad (2)
Verhoogde voorvalle van ongelukke belemmer die vloei van verkeer (2)
Histories belangrike geboue / erfenisterreine moet bewaar word en stadsbeplanning moet akkommoderend wees (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

**ANTWOORD MOET GEKWALIFISEERD WEES.**
**GEEN DEELMERK NIE.**


Hosted by www.ecexams.co.za.

1.5 1.5.1 Met verloop van tyd (2010 tot 2024) is daar vormlose / onbeplande / onbeheerde uitbreiding van die stedelike gebied. (1)
Stedelike gebied het mettertyd uitgebrei na die landelik-stedelike randgebied / landelike gebied. (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.5.2 Landelik-stedelike migrasie (2)
Hoë natuurlike toename in stedelike gebied (geboortesyfer) (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.5.3 Meer mense in die stedelike gebied beteken dat daar is ŉ groter aanvraag na grond vir behuising, dienste, fasiliteite, ontspanning ens. (2)
Die groeiende bevolking benodig ruimte vir industriële en kommersiële uitbreiding. (2)
Verhoogde infrastruktuur-ontwikkeling om die toenemende bevolking te akkommodeer. (2)
Onvoldoende/afwesigheid van stedelike beplanning. (2)
Swak / swak soneringsregulasies wat lukraak ontwikkeling toelaat.(2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

1.5.4 Onvoldoende begroting en/of tyd om stedelike gebiede op ŉ beheerde wyse te beplan (2)
Hulle het nie beheer oor grond wat privaat besit word nie (2)
Hulle het beperkte kapasiteit om die toestroming van mense na stedelike gebiede te beheer (2)
Grondinval op onbesette grond (2)
Moeilik om die vinnige ontwikkeling van informele nedersettings te beheer (2)
Hoë aanvraag om na stedelike gebiede te trek (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5.5 Verhoogde lugbesoedeling deur nywerhede (2)
Verhoogde geraas / grondbesoedeling as gevolg van toename in bevolking / voertuie (2)
Waterbesoedeling vanaf verhoogde nywerhede (2)
Verwydering van plantegroei vir stedelike ontwikkeling (2)
Afname in die beskikbaarheid van suurstof (skoon lug) (2)
Verminderde plantegroei veroorsaak verhoogde oppervlakafloop en gronderosie (2)
Afname in infiltrasie / negatiewe impak op watertafel (2)
Mikroklimaat word verander as gevolg van die verwydering van plantegroei / verandering in natuurlike omgewing (2)
Verlies aan biodiversiteit / habitatte (2)
Kitsvloede as gevolg van verminderde infiltrasie / toename in kunsmatige oppervlaktes (2)
Verminderde estetiese skoonheid (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)
**[60]**


Hosted by www.ecexams.co.za.

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 X (1)

2.1.2 Z (1)

2.1.3 X (1)

2.1.4 Z (1)

2.1.5 Z (1)

2.1.6 Z (1)

2.1.7 Z (1) (7 x 1) (7)

2.2 2.2.1 Olieraffinadery (1)

2.2.2 Olieraffinadery (1)

2.2.3 Bakkery (1)

2.2.4 Olieraffinadery (1)

2.2.5 Bakkery (1)

2.2.6 Bakkery (1)

2.2.7 Bakkery (1)

2.2.8 Olieraffinadery (1) (8 x 1) (8)

2.3 2.3.1 Oos-Kaap (1)
KwaZulu-Natal (1) (2 x 1) (2)

2.3.2 Afname (1) (1 x 1) (1)

2.3.3 (a) Siektes (1)
Bek-en-klouseer (1)
**[ENIGE EEN]**

(b) Toename in produksiekostes (1) (2 x 1) (2)

2.3.4 Meer huishoudings sal toegang tot beesvlei het (2)
Toename in produksie sal beesvleis meer toeganklik vir mense maak (2)
Beesvleis verskaf proteïene wat voedsaam is (2)
'n Verskeidenheid ander produkte wat met beesvleis geassosieer word, kan geproduseer word (2)
Beesvleis kan op die plaaslike mark verkoop word wat inkomste bring om ander voedsel te koop (2)
Meer beesvleisvoorraad sal die prys laat daal (2)
Beesvleis sal meer bekostigbaar / goedkoper wees (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.3.5 Verdien meer buitelandse inkomste (2)
Skep 'n positiewe impak op die handelsbalans (2)
Verhoogde toegang tot buitelandse valuta (2)
Waarde van uitvoere sal toeneem (2)
Meer inkomste uit uitvoere as die plaaslike mark (2)
Dra positief by tot die land se BBP (2)
Verhoog buitelandse valutareserwes, versterk die geldeenheid (2)
Verhoogde bydra tot die land se belastingbasis (2)
Werkskepping in die landbousektor / gekoppelde nywerhede (2)
Verhoogde verdienste stimuleer verbruikersbesteding (2)
Vermenigvuldigingseffek / verhoogde koopkrag (2)
Infrastruktuurontwikkeling sal aangemoedig word (2)
Sal ontwikkeling in die sekondêre sektor stimuleer (2)
Genereer hulpbronne wat industrialisasie finansier (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

2.4 2.4.1 Wes-Kaap (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Maritieme (1)
Energie (1)
Logistieke (1)
Ingenieurs (1)
**ENIGE TWEE** (2 x 1) (2)

2.4.3 Indiensneming verminder armoede (2)
Verbeterde lewenstandaard (2)
Vaardighede opheffing (2)
Korporatiewe sosiale verantwoordelikheid programme (aanvaar voorbeelde) (2)
Toeganklikheid tot meer en beter dienste (aanvaar voorbeelde) (2)
Infrastruktuurontwikkeling (aanvaar voorbeelde) (2)
Blootstelling aan vierde-industriële revolusievaardighede (aanvaar voorbeelde) (2)
Blootstelling aan tegnologiese vooruitgang (2)
Verhoogde beskikbaarheid van goedere en dienste (aanvaar voorbeelde) (2)
Professionele ontwikkelingsgeleenthede om werknemers te help (2)
Navorsing en ontwikkeling wat innovasie / innovering dryf (2)
Onderwys vennootskappe / Samewerking met opvoedkundige instellings (2)
Die toestroming van werkers vanaf diverse agtergronde kan lei tot kulturele uitruiling (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)


Hosted by www.ecexams.co.za.

2.4.4 Goed ontwikkelde padnetwerk bied skakeling na markte in die binneland van die land (2)
Spoorweg stel nywerhede instaat om doeltreffende toegang tot markte en hulpbronne te verkry (2)
Goeie infrastruktuur help met die vervoer van bederfbare goedere (bv. vrugte) meer doeltreffend (2)
Baie naby aan internasionale lughawe en hawe geleë wat toegang tot internasionale markte moontlik maak (2)
Doeltreffende infrastruktuur ondersteun bedrywighede en verminder kostes (2)
Goeie infrastruktuur stel nywerhede instaat om toegang tot wyer markte te verkry wat hul kliëntebasis vergroot (2)
Toeganklikheid tot plaaslike en internasionale markte (via lughawens, hawens) verhoog inkomste. (2)
Goeie infrastruktuur lok besighede en nywerhede aangesien dit beleggersvertroue verhoog. (2)
Water- en elektrisiteit-infrastruktuur bevorder ononderbroke produksie wat produktiwiteit verhoog. (2)
Veselkabels / internettorings en telekommunikasienetwerke verbeter kommunikasie wat bedrywighede se doeltreffendheid verbeter (2)
Daar is ŉ goeie spoor- / padnetwerk wat die nywerhede met die hawe verbind vir uitvoer (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

**ANTWOORD MOET GEKWALIFISEERD WEES.**
**GEEN DEELMERK.**

2.5.1 Besigheidsaktiwiteite wat ongeregistreer is of dienste verskaf sonder lisensies. (2)
Besighede wat nie geregistreer is nie en nie inkomstebelasting betaal nie. (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

2.5.2 R750 miljard (1) (1 x 1) (1)

2.5.3 Gerieflikheid (1)
Laer pryse (1) (2 x 1) (2)

2.5.4 Geen lisensie/permit nie (1)
Nie geregistreer nie / minder rompslomp (‘red-tape’) (1)
Minder hindernisse tot toegang (1)
Werk van die huis af (1)
Geen amptelike finansiële / belastingopgawes (1)
Maklik toeganklik (aanvaar voorbeelde) (1)
Vereis min kapitaalbelegging (1)
Buigsame werksure (1)
Werk met groter buigsaamheid en aanpasbaarheid (1)
Hou nie by munisipale reëls nie (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)



Hosted by www.ecexams.co.za.

2.5.5 Meer produkte in formele sektor gekoop (verhoogde BTW) (2)
Verhoogde aanvraag vir formele sektor goedere en dienste (2)
Formele sektor se verbruikersbasis sal verhoog (2)
Namate informele sektor groei, meer werksgeleenthede word geskep en verhoogde inkomste vir mense om in die formele ekonomie te bestee (2)
Styging in besteebare inkomste kan lei tot groter aanvraag na goedere en dienste wat deur die formele sektor verskaf word (2)
Spaza-winkels laat geld in sirkulasie bly binne plaaslike ekonomieë wat die formele ekonomie ondersteun (2)
Potensiële uitbreiding in die formele ekonomie sal meer mense indiens neem (2)
Verhoogde sirkulasie van besteding in die formele sektor (2)
Vermenigvuldigingseffek van die informele ekonomie (2)
Verminderde misdaad (diefstal) in formele ekonomie met afname in armoede (2)
Die informele sektor kan geïntegreer word in die aanvoerskettings van die formele besighede (2)
Groei in die informele sektor kan algehele werkloosheidsyfers verminder wat tot 'n meer stabiele ekonomie lei (2)
Nuwe markte (informele ekonomie) laat formele ekonomie toe om hul markte uit te brei (2)
Spaza-winkels kan verspreidingspunte vir formele sektor-goedere verhoog (2)
Deur aan spaza-winkels te verskaf, kan formele besighede handelsmerklojaliteit onder plaaslike verbruikers bou (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.5.6 Moeilik om aan finansiering/lenings te bekom (2)
Banke is huiwerig om lenings toe te staan (2)
Beperkte finansiering om uit te brei (2)
Gebrek aan kontantvloei (2)
Duur vervoerkostes (2)
Dikwels slagoffers van misdaad wat voorraad vernietig (2)
Geen versekering nie (2)
Onreëlmatige/wisselvallige inkomste (2)
Beperkte finansiële veiligheidsnet / beskerming (Geen WVF; Vakbonde) (2)
Onvermoë om voordeel te trek uit grootmaat aankope (2)
Gebrek aan kollateraal (2)
Baie spaza-winkels wat mededinging skep (2)
Wanbetaling deur mense wat op krediet koop (2)
Treurige hantering van finansiële rekords (2)
Duur om produkvoorraad te diversifiseer (2)
Beperkte kliëntebasis (2)
Verkoop meestal lae-orde goedere wat nie 'n groot winsopslag het nie (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1 **KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE**

3.1.1 C (1) (1 x 1) (1)

3.1.2 D (1) (1 x 1) (1)

3.1.3 243° (1) (Speling: 242° tot 244°) (1 x 1) (1)

3.1.4 MP = WP + MD
243° + 24°46' (1) vervanging
= 267° + 46' (1) (Speling: 266° 46' tot 268°46') (2 x 1) (2)

3.1.5 Die gemiddelde jaarlike verandering van magnetiese Noord is weswaarts (1) (1 x 1) (1)

3.1.6 Z (1) (1 x 1) (1)

3.1.7 $\dfrac{\frac{1}{2\,000}}{\frac{1}{10\,000}}$ ✓ **OF** $\dfrac{1\ :2\,000}{1\ :10\,000}$ ✓

$\dfrac{1}{2\,000} \times \dfrac{10\,000}{1}$ ✓ **OF** $\dfrac{1}{2\,000} \times \dfrac{10\,000}{1}$ ✓

5 keer ✓ 5 keer ✓

(3 x 1) (3)

3.2 3.2.1 Landbou / boerdery (1) (1 x 1) (1)

3.2.2 Toegang tot water / water toevoer / langs 'n rivier (1)
Gelyke gradiënt / plat grond / reliëf / gelyke topografie (1)
Vrugbaar / goed gedreineerde grond (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

3.2.3 Toerisme / Ontspanningsaktiwiteit (1)
Watervoorsiening (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)



Hosted by www.ecexams.co.za.

3.2.4 Ontspanningsaktiwiteite (gholfbane / seiljag-pier) sal plaaslike inwoners en toeriste lok (2)
Voorsiening van water vir besproeiing van die gholfbaan (lok toeriste) (2)
Werke sal by toeriste-aantreklikhede geskep word (aanvaar voorbeelde) (2)
Vermenigvuldigingseffek (2)
Toename in koopkrag van plaaslike inwoners wat in die tersiêre sektor werksaam is (2)
Kapitaalbelegging in die gebied/belegging in infrastruktuurontwikkeling (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.2.5 Verskillende straatlengtes en blokke (1)
Min kruisings (1)
Geen duidelike eenvormige patroon nie (1)
Baie kurwes (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

3.2.6 Paaie volg die vorm van die dam (ŉ fisiese versperring) (2)
Paaie langs die dam geleë (2)
Die steil helling / terrein na die NW het beperkte padontwikkeling (2)
Ontwikkeling aan die kant van ongelyke grond (2)
Paaie volg die kontoere van ŉ heuwel (2)
Die bewaringsomgewing het padontwikkeling beperk (2)
Paaie akkommodeer die vorm van die groengordel (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.2.7 Golfbaan (1)
Dam (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

3.2.8 Verbeterde sekuriteit (2)
Veiliger omgewing (2)
Laer misdaadsyfers in omheinde gemeenskap (2)
Beheerde toegang / beperkte toegang (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 Skuins (1) (1 x 1) (1)

3.3.2 Afstandwaarneming word verkry / versameling van ruimtelike inligting van die aarde vanaf ŉ afstand / sonder om aan te raak of fisiese kontak te maak. (2)
Data van kenmerke op aarde op ŉ afstand op te neem. (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

3.3.3 Raster (1) (1)

3.3.4 Oppervlakte / veelhoek (1) (1 x 1) (1)

3.3.5 Die tipe pad (arteriële-/hoofsverkeersroete) (1)
Die toestande van die pad (geteer) (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

Kopiereg voorbehou 

Hosted by www.ecexams.co.za.

3.3.6 Verskillende grondsones is sigbaar (2)
Die foto is in werklike tyd (2)
Foto is 'n werklike beeld en nie kaartsimbole nie (2)
Beeld is duidelik / hoë resolusie (2)
Invloedsfeer kan bepaal word (2)
Lugfoto's kan meer gereeld opgedateer word (2)
Meer huidige inligting oor 'n area is beskikbaar (2)
Verskaf 'n hoë vlak van visuele detail (2)
Voorkoms van kenmerke (d.w.s. landskappe, infrastruktuur, geboue, plantegroei) kan verkry word (2)
Lugfoto's kan kleinskaalse kenmerke / meer presies openbaar (2)
Lugfoto's bied 'n omvattende uitkyk oor ruimtelike verhoudings tussen verskillende kenmerke (2)
Visuele differensiasie tussen tipes grondbedekking kan maklik gemaak word (2)
Huidige stand van infrastruktuur kan gemaak word (aanvaar voorbeelde) (2)
Lugfoto's kan menslike aktiwiteite en grondgebruikpatrone opneem (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Hosted by www.ecexams.co.za.